# Suider Paarl

# GEBEDSNAWEEK

SUIDER-PAARL GEMEENTE
VIR
CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# KETTING EN KRUIS

## (DIE KRUISE OP DIE PERSEEL)

JESUS HET VIR ONS AAN DIE KRUIS GESTERF, ONS IS DUUR GEKOOP! ONS KAN SY VRYHEID BELEEF. BAIE KEER HOU WÊRELDSE DINGE ONS WEG VAN HOM AF.

WAT HOU JOU VÊR VAN CHRISTUS AF?

SKRYF DIT OP 'N PAPIERTJIE EN PLAK HOM VAS AAN DIE KETTING. JESUS HET HIERVOOR OOK GESTERF. GEE DIT VIR JESUS. SÊ VIR JESUS DANKIE DAT HY HIERDIE KETTINGS OP SY SKOUERS DRA.

VRA JESUS WAT HOU JOU VÊR VAN HOM AF

DALK IS DIT:

- GELD?
- IEMAND WAT JY MOET VERGEWE?
- BESIGE KALENDER?
- VERSLAWING?
- ANGSTIGHEID?
- JOU SPORT?
- JOU BEHOEFTE OM 1STE TE WEES?

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# LINTE VAN DANKBAARHEID

## (STOEP)

GAAN SY POORTE IN MET LOFPRYSING, SY VOORHOWE MET 'N LOFLIED: LOOF HOM, PRYS SY NAAM, WANT DIE HERE IS GOED!
PSALM 100:4


VAT 'N STUK LINT EN SKRYF IETS OF IEMAND SE NAAM NEER WAARVOOR JY DANKBAAR IS, EN SÊ VIR GOD DANKIE VIR HIERDIE PERSOON OF GEBEURTENIS IN JOU LEWE. HY IS 'N GOEIE PAPPA.

AS JULLE WAT SLEG IS DAN WEET OM GOEIE GESKENKE AAN JULLE KINDERS TE GEE, HOEVEEL TE MEER SAL JULLE VADER IN DIE HEMELE GOEIE DINGE GEE VIR HULLE WAT HOM VRA! MAT 7:11

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# ONS BID VIR ONS SKOLE

## BO-VERTREK



HIER FOKUS ONS OP ONS KINDERS EN HULLE PLEK VAN LEER.
HIER IS N PAAR SKOLE EN GEBEDSPUNTE OM OP TE FOKUS.
VRA JESUS OM JOU TE LEI EN TE WYS WAARVOOR OM TE BID.

HIER IS KLEI OP DIE TAFELS
DINK AAN 'N MAATJIE OF 'N JUFFROU.
BOU HULLE UIT KLEI UIT EN TERWYL JY HULLE BOU UIT KLEI UIT - SÊ VIR JESUS DANKIE VIR HIERDIE PERSOON. EN VRA JESUS DAT HULLE HOM SAL KEN EN BLY KEN.








VIR
CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

HY HET HULLE GELEER EN GESÊ: STAAN DAAR NIE GESKRYF NIE, "MY HUIS SAL 'N HUIS VAN GEBED VIR AL DIE NASIES GENOEM WORD? MARK 11:17





# ONS BID VIR DIE WÊRELD

## (SAAL/VERHOOG)

TREK 'N NAAM UIT DIE BOKS UIT
SOEK DIE LAND OP DIE KAART
BID VIR HIERDIE LAND
GEBRUIK DIE QR CODE OM MEER INLIGTING OOR DIE LAND TE KRY

HY HET VIR HULLE GESÊ: DIE OES IS GROOT, MAAR DIE ARBEIDERS IS MIN. DAAROM MOET JULLE BID TOT DIE HERE, AAN WIE DIE OES BEHOORT, OM ARBEIDERS UIT TE STUUR VIR SY OES
LUK 10:2

IN DIE GEBEDSKAMER IS N KAART OP MET VAN DIE SENDELINGE WAT ONS ONDERSTEUN.
GAAN LOER EN BID DALK VIR 1 VAN HULLE.

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# VERGIFNIS-SAND
## (KLEUTERKERK SANDPIT)

MARKUS 11:25

EN WANNEER JULLE STAAN EN BID - AS JULLE IETS TEEN IEMAND HET, VERGEEF HOM, SODAT JULLE VADER IN DIE HEMELE OOK JULLE OORTREDINGS KAN VERGEEF.

OM KWAAD TE WEES VIR 'N MAATJIE OF 'N BOETIE OF SUSSIE HOU MENS WEG VAN JESUS AF. JESUS SÊ UITDRUKLIK VOOR JY KOM BID, VERGEWE.

VRA JESUS VIR WIE JY MOET VERGEWE - SKRYF DIE NAAM IN DIE SAND NEER MET JOU VINGER. WANNEER JY REG VOEL OM VIR GOD JAMMER TE SÊ EN HIERDIE HARTSEER EN ONVERGIFNIS NEER TE LÊ - SIT JOU HAND OOR DIE NAAM. GESELS MET GOD EN AS JY KLAAR IS VEE DIE NAAM HELEMAL UIT.
GLO DAT JESUS DIE KWAAD WEG VAT.

**JESUS SÊ VIR PETRUS VERGEWE**
**7 X 70 KEER**

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBED VIR GENESING

## (IN DIE LOSIE EN GEBEDSKAMER)



KEN JY IEMAND WAT SIEK IS? DALK 'N MAATJIE/'N OUPA/'N PAPPA/'N MAMMA/' BOETIE OF SUSSIE? IN DIE GEBEDSKAMER HET ONS 'N MUUR MET NAME OP VAN MENSE WAT GEBED NODIG HET. VAT 'N PYPSKOONMAKER, VORM 'N MANNETJIE EN BID VIR HIERDIE PERSOON WAT JY KEN WAT SIEK IS. PLAK DIE MANNETJIE MET 'N PLEISTER OP IN DIE GEBEDSKAMER. JY KAN OOK VIR DIE ANDER NAME OP DIE MUUR BID AS JY WIL



## PSALM 103:2-5

EK WIL DIE HERE LOOF, EN NIE EEN VAN SY WELDADE VERGEET NIE. DIT IS HY WAT AL MY SONDE VERGEWE, WAT AL MY SIEKTE GENEES, WAT MY RED VAN DIE GRAF EN MY MET LIEFDE EN ONTVERMING KROON.

# LOOP 7 KEER OM DIE KERK PERSEEL

## WAT SIEN JY?

- SIEN GOD SE GROOTHEID RAAK - BERGE/NATUUR
- DIE HUISE
- JOU MEDE GELOWIGES
- DIE VERSKILLENDE GESINNE
- JOU KERK
- JOU DORP

**GESELS MET JESUS OOR DIT WAT JY SIEN**





## EFESIËRS 6

ONS LEER HIER OOR DIE WAPENRUSTING.
VOLGENS HIERDIE HET ONS SKOENE AAN WAT GEREED IS OM DIE EVANGELIE VAN VREDE UIT TE DRA!
BID DAT DIT SAL WAAR WEES VAN ONS AS GEMEENTE
EN VRA JESUS OM DIT WAAR TE MAAK VAN JOU EN JOU GESIN.



VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBEDSKATTEJAG

## (RONDOM DIE KERK)

SOEK DIÉ ITEMS RONDOM DIE KERK (SELFS BY DIE HUIS)
AS JY DIT GEKRY HET, LEES DIE INSTRUKSIE EN BID DAARVOOR

### VOËLTJIE



GAAN LEES MATTEUS 6:26

### POSBUS



BID VIR MENSE WAT VÊR VAN HULLE FAMILIE AF IS EN DALK ALLEENHEID BELEEF. VOEL JY DALK VÊR VAN JOU GESIN/FAMILIE? PRAAT MET GOD HIEROOR.

### WATER



WATER BRING LEWE.
SÊ DANKIE VIR GENOEG REËN EN WATER IN ONS VALLEI EN LAND

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBEDSKATTEJAG

(VERVOLG...)

SOEK DIÉ ITEMS RONDOM DIE KERK (SELFS BY DIE HUIS)
AS JY DIT GEKRY HET, LEES DIE GEBEDSVERSOEK EN BID DAARVOOR

## KRUIS



DANK JESUS VIR DIE GOEIE NUUS. KYK VIR DIE KRUIS EN GLIMLAG NET 'N OOMBLIK, WANT JY IS VRYGEKOOP.

## VLIEGTUIG



WERK JY VER? IS MAMMA OF PAPPA BAIE OP DIE PAD? OF IEMAND NABY AAN JOU GEDEELD BAIE VÊR?
BID VIR MENSE WAT BAIE OP DIE PAD (OF IN DIE LUG) IS. VIR HUL VEILIGHEID EN OOK HULLE FAMILIES.

## NISSIE

DOOD IS DEEL VAN DIE LEWE, MAAR ONS LEWE MET DIE HOOP DAT JESUS KLAAR DIE DOOD OORWIN HET.
BID VIR IEMAND, WAT JY DALK KEN, WAT ONLANGS IEMAND AAN DIE DOOD AFGESTAAN HET. BELEEF JESUS SE VREDE AS JY DAARDIE PERSOON IS.

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBEDSKATTEJAG

(VERVOLG...)


SOEK DIÉ ITEMS RONDOM DIE KERK (SELFS BY DIE HUIS)
AS JY DIT GEKRY HET, LEES DIE GEBEDSVERSOEK EN BID DAARVOOR

## WURM/MIERTJIE



GEBED:
SÊ DANKIE VIR DIE HERE VIR SY VOORSIENING. AS HY SELFS NA DIE KLEINSTE WURMPIE KYK, SAL HY OOK VIR JOU SORG.

## KLIPPIE



VRA DIE HERE OM OPNUUT JOU VASTE FONDASIE TE WEES. DAT JOU LEWE OP HOM GEBOU SAL WEES.

## GEMORS



ONS LEES IN GENESIS DAT GOD ONS VRA OM NA SY SKEPPING EN WÊRELD TE KYK.
TEL DIE STUKKIE GEMORS OP EN GOOI DIT WEG.

VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBEDSKATTEJAG

(VERVOLG...)

SOEK DIÉ ITEMS RONDOM DIE KERK (SELFS BY DIE HUIS)
AS JY DIT GEKRY HET, LEES DIE GEBEDSVERSOEK EN BID DAARVOOR

## BLAAR




RAAK BEWUS VAN DIE WIND. SOOS DIE WIND WAAI, SO IS DIE HEILIGE GEES, ALTYD BY ONS.

## BESSIE/VRUG



VRA DIE HERE OM TE HELP DAT JOU GELOOF SAL VRUG DRA, DAT ONS SAL UITLEEF WAT ONS BELY.

## HEK



VRA JESUS OM DIE REGTE GELEENTHEDE (DEURE) IN JOU LEWE TE LAAT OOPGAAN. BELY DAT JY HOM VERTROU DAARIN.


VIR CHRISTUS
MEKAAR & ANDER

# GEBED VIR VLUGTELINGE

## (BY DIE TENTE, OP DIE GRASPERK)

AAN DIE EINDE VAN 2024 WAS DAAR ONGEVEER 123,2 MILJOEN VLUGTELINGE WÊRELDWYD.
DINK JOUSELF VIR 'N OOMBLIK IN HULLE SITUASIE IN...
JY VERLOOR OMTRENT ALLES WAT JY HET: JOU HUIS, JOU KAR, JOU BESITTINGS EN NOG BAIE MEER.
NEEM 'N OOMBLIK, SIT VOOR OF IN EEN VAN DIE TENTE EN BID VIR VLUGTELINGE EN SOMMER OOK HAWELOSE MENSE.





## MATTEUS 8:20

JESUS SÊ VIR HOM: "JAKKALSE HET GATE EN VOËLS HET NESTE, MAAR DIE SEUN VAN DIE MENS HET NIE EENS 'N RUSPLEK VIR SY KOP NIE."



# "CALM JAR"

## (IN DIE KERK)

## GOD IS HIER TEENWOORDIG

TEL JOU BOTTELTJIE OP EN SKUD HOM

KYK HOE TUIMEL ALLES DAAR BINNE ROND.

PARTYKEER VOEL DIE LEWE OOK SO

PARTYKEER VOEL ONS GEDAGTERS EN HARTE OOK SO

JESUS VRA: "BE STILL AND WAIT"

SOOS WAT DIE "GLITTER" TOT RUSTE KOM GEE DIE BAIE GEDAGTES EN "TO DO LISTS" VIR JESUS.

VIR CHRISTUS MEKAAR & ANDER

# LUISTER NA GOD

## (IN DIE KERK)

### WORD STIL

BEDAAR EN WEET DAT EK GOD IS, EK IS VEHEWE BO DIE NATIES. EK IS VERHEWE BO DIE AARDE

PSALM 46:11

GOD, LAAT MY ORE OOP WEES VIR U STEM
JESUS, LAAT MY HART OOP WEES VIR WAT U BESIG IS OM TE DOEN
HEILIGE GEES LAAT MY GEDAGTES GEVUL WEES MET U WOORD.

### BLY STIL

DIE HERE SAL VIR JULLE STRY EN JULLE MOET STIL BLY.

EKSODUS 14:14

SIT STIL IN DIE KERK EN BELEEF DIE LOFSANG. GESELS MET GOD.
JY KAN UITBEWEEG NA DIE ANDER STASIES TOE EN WEER TERUG KOM AS JY WIL STIL KOM SIT EN LUISTER.

VIR CHRISTUS MEKAAR & ANDER